Dagsê Alle belnagstellendes in die geskiedennis van ou Pretoria,

Ek het baie reaksie gekry op verlede maand se brief.

---------------------------------------------------

Die volgende van Carol Hardijzer i.v.m. die fotograaf van die foto van Pres. Burgers.

Die IP lyk vir my meer na 'n JP. Indien dit die geval is, is dit moontlik die Switserse fotograaf Jules Perrin wat in Pretoria en Barberton bedrywig was.

My artikel oor Pretoria fotograwe word hierdie naweek voltooi. Ek stuur vir jou 'n afskrif sodra dit gepubliseer is.

Groete, Carol

----------------------------------------------------

Nel Redelinghuis het die volgende te sê oor Melvill[e]

Baie dankie vir al jou interessante geselsbriewe wat jy so onbaatsugtig met ons deel. Weet asseblief dat dit baie waardeer word, hoor.

Iets interessants, die Melville wat Pretoria opgemeet het, wat was sy voorname? Ek het navorsing gedoen vir my Melville staptoere, en die opmeter vir die voorstad was Edward Vincent Harker Melvill. Sonder die e op die einde. Die oorspronklike Melvill was John Melvill wat van Engeland na die Kaap gekom het, en hy was n argitek, tekenaar en landmeter, en ook baie knap met Wiskunde. (1787 - 1852) Hy het ses seuns gehad en sewe dogters en ek vermoed die een wat ons voorstad opgemeet het, was een van die seuns. (Ook sonder die 'e') Kinders erf mos dikwels die ouers se talente en volg ook die selfde beroep. Daar was ook n Frederick Ziervogel Melvill wat ook n landmeter was. Ek sal dus graag wil weet wie Pretoria opgemeet het.

Groete, Nel. Redelinghuis

Dagsê Nel,
Soos gewoonlik is dit weer my spelling wat my in die steek laat. Melvill is definitef sonder die E.

Volgens die Volksstem het Samuel Melvill in Aug 1873 in Pretoria aangekom en is hy in Okt 1874 [na die dood van Forssman] aangestel as Landmeter Generaal. Daar is heelwat verwysings na verskillende Mervill's in my Index as jy eendag meer wil kom lees.

Groete Rosa

-------------------------------------------------------

Die vogende van Fransjohan Pretorius

Dankie weer eens vir jou geselsbrief. Jong, M.S. Appelgryn se doktorale proefskrif by Unisa was oor T.F. Burgers. Dis in 1979 deur HAUM gepubliseer met die titel Thomas Francois Burgers: staatspresident, 1872-1877. Daar sal jy die syfers van die verkiesing kry.

Hartlike groete, Fransjohan Pretorius


MC Heunis stuur die volgende inligting oor die die kanon op die stoep

Dankie vir die nuutste geselsbrief en die aangehegte Kruger-aand uitnodiging. In antwoord op jou vrae omtrent die kanon:

Is daar miskien iemand wat meer inligting het oor die kanon.
Gerry de Vries, skrywer van die boek "Muzzle Loading Cannon of South Africa" het die kanon op die foto as 'n gladdeboor voorlaaier 1-ponder "gunade swivel gun" geidentifiseer. Dit dateer uit ongeveer die 1820s-1830s en was afkomstig vanaf 'n skip of 'n seiljag. Die "gunade" was 'n latere weergawe van die bekende "carronade" kanonne wat deur die Carron Foundry in Skotland vervaardig is. 'n "Swivel gun" was gewoonlik op 'n roteerbare basis op skepe gebruik om aanvallende matrose of seerowers wat te naby aan die skip gekom het af te weer. Dit is nie bekend of Burgers se kanonnetjie nog bestaan nie, maar 'n soortgelyke kanonnetjie is vandag te sien in die Potchefstroom Museum.


Is dit sommer net as versiering daar geplaas of was dit werklik gebruik om die president te beskerm.
Die ouderdom en montering van die kanon dui daarop dat dit slegs ornamenteel was. Dit sou waarskynlik gebruik kon word om saluutskote af te vuur, maar nie van die stoep af nie! Ek twyfel of dit vir verdediging gebruik sou word.

In een van Gustav Preller se Historiese Opstelle noem hy dat pres. Burgers [voor 1874] na Europa is om 'n aantal kanonne te koop. Is dit miskien een van die kanonne.
Die kanonne wat in Europa aangekoop is was vier 65mm getrokke agterlaai kanonne en was op daardie stadium van die modernste geskut wat geld kon koop. Die kanonne was gemerk "Patent von Broadwell & Co" en "Carlsruhe, 1873" Hierdie vier kanonne het die basis van die Battery Dingaan gevorm, die voorloper van die latere Staatsartillerie. Die kanonne is teen Sekukuni tydens die onluste van 1874 gebruik en is in 1877 deur die Britte geannekseer wat hulle weer teen Sekukuni in 1878 en ook die Zulus in 1879 gebruik het. Tydens die Beleg van Pretoria in 1880/1881 is hulle teen die Boere gebruik vanuit die forte rondom Pretoria. Na Majuba is al vier weer aan die Transvaal terug gegee.




Op die aangehegte foto van die Battery Dingaan, staan twee van die 65mm kanonnetjies ver links en ver regs. Die "kanon" in die middle is 'n hoogs onpraktiese Franse Mitrailleuse "masjiengeweer" wat deur die Duitsers tydens die Frans-Pruisiese Oorlog in 1870/1871 gebuit is en deur Duitse Keiser aan Pres. Burgers geskenk is. Die ander stukke is 'n 3-pr Whitworth getrokke voorlaaier (middel links) wat vanaf die OVS gekoop is in 1873; en 'n Britse "Hales" vuurpyl lanseerder op wiele (middel regs). Die Mitrailleuse staan vandag onder 'n afdak buite die Kultuur-Historiese Museum.

Daar was ook ander kanonne in privaat besit.  John Robert Lys het ‘n kanon gehad wat hy elke jaar afgevuur het om die Britse Koninging se verjaarsdag te gedenk.
Ek was nog nooit seker watter van die talle ou Transvaalse kanonne Lys se kanon was nie. Ek vermoed dit was die kanonnetjie regs op die aangehegte foto. Hierdie 2-ponder yster kanonnetjie, gemonteer op ‘n gietyster onderstel met ‘n Union Jack motief, is afgeneem in die kamp tydens die beleg. Na Majuba is dit aan die Boere oorhandig en volgens Majoor Lood Pretorius is dit daarna gebruik om die middaguur skoot in Pretoria te vuur. Dieselfde ou kanonnetjie was nog by die Boomstraat Museum te sien voordat dit gesluit is, en is vandag in die store van die Kultuur-Historiese Museum.



Twee verouderde kanonne in die Britse Kamp tydens die beleg van Pretoria.



Die Union Jack kanonnetjie soos dit by Boomstraat Museum te sien was in die 1980s – Verkeerd om op sy onderstel.  [MC Heunis]

**Publikasies oor kanonne**

1. **THE MUZZLE LOADING CANNON OF SOUTH AFRICA**" Deur Gerry de Vries en Jonathan Hall.

Die boek kan bestel word by:
Gerry de Vries
E-mail Address(es):
noongun@mweb.co.za

2. **MONSTER GUNS OF THE ANGLO BOER WAR**.
[Die volgende inligting kom van MC Heunis. Kontak hom indien u graag die studiestuk wil ontvang. Dit is gratis maar neem vreeslik lank om af te laai.]
Herewith, the extremely late 8th instalment of our OVSAC Study Piece series. Due to the size of our study pieces and the time and effort it is taking to research, we have decided to reduce the number of pieces to four per annum, which will be released on a quarterly basis. Attached please find our first new-look quarterly study. The subject of this piece is:

MONSTER GUNS OF THE ANGLO-BOER WAR

As before the attached document is in MS Word. Should anyone experience problems in downloading or opening it we can also forward it in a smaller zipped MS Word file. Please contact us by return mail to kruppgun@yahoo.co.uk should you experience any difficulties.

PLEASE INFORM US BY RETURN MAIL TO kruppgun@yahoo.co.uk SHOULD YOU NO LONGER CHOOSE TO RECEIVE OUR STUDY PIECES. If you are interested in receiving any of our previous studies, please also let us know at above address.

The study piece or sections thereof may be freely distributed or reproduced as long as the O.V.S.A.C., its contact details and its list of contributors and/or sources are also mentioned. We also request hard copies of the books, articles or magazines these articles appear in.

We hope you enjoy OVSAC 8 and that its info is of interest to historians and fellow artillery enthusiasts. Should you have any queries or comments, please feel free to contact us.

Groete, MC Heunis
Onderofficier, Corps der Artillerie

------------------------------------------

Dit is nou 100 jaar gelede dat President Paul Kruger oorlede is. Die volgende paragraaf kom uit die Fotobiografie van Paul Kruger: “Op 9 Julie het die President longontsteking gekry en op 14 Julie 1904, die oggend vroeg, het hy ontslaap. Voor sy bed het sy Bybel oopgelê.” Ek wou graag meer skryf oor Paul Kruger maar hierdie brief is ongelukkig reeds te groot.

Groete tot volgend Maand
Rosa Swanepoel